

Markus 16:15 *“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.”*

# Gerrie en Arlene Coetzee

**Uitgestuurde Sendelinge van NG Gemeente George-Bergsig.**

**Ondersteuning op ´n geloofsbasis deur gemeentes en individue**

**Projekspan leidster: Nora** De Wit 082 375 3060 – noradewit7@gmail.com

## Jaareinde 2023

**Liewe vriende en ondersteuners**, ons groet julle opnuut in die wonderlke naam van ons Here, Jesus Christus – **die Naam bo alle name!**

In Sendingmobilisasie-boodskappe word die teksvers in Jesaja 6:8 gereeld gebruik waar die profeet homself bereid verklaar om God se boodskapper te wees in antwoord op die Here se vraag: *“Wie kan ek stuur”*. Dit is waar dat die Here ook nog steeds hierdie verwagting het en mense reageer ook in dieselfde bereidwilligheid wat Jesaja geopenbaar het. Die belangrikheid van die vooafgaande verse, verse 5,6 en 7, moet egter nie misgekyk word nie – Jesaja het verklaar dat hy sondig en onrein is waarop ´n seraf sy lippe met ´n gloeiende kool van die altaar aangeraak het en daarna verklaar het dat sy sondes vergewe is. Eers nadat dit plaasgevind het was hy reg en bereid om gestuur te word as God se boodskapper.

Die doel van die EMT (ETHNOS MISSION TRAINING kursus) waarby ons as deel van die opleidingspan betrokke is, is beide om die studente bewus te maak van God se oproep op mense om Sy boodskappers te word, en ook om hulle te help om te verstaan wat van hulle persoonlik in hulle verhouding met God verwag word voordat hulle ook soos Jesaja kan se: “Hier is ek! Stuur my!” .

Ons getuig met baie dankbaarheid aan die Here dat elke EMT ´n aantal mense oplewer wat betrokke raak by sending – hetsy by een van ETHNOS se vele projekte, buitelandse sendingaksies, of by hulle eie gemeentes en/of gemeenskappe. Na die mees onlangse kursus wat einde September ten einde gekom het, het´n paar by ETHNOS George aangesluit en byna al die studente wat van Oostenryk en Switserland afkomstig is, het teruggekeer na hul lande van herkoms en is tans besig om op veskillende vlakke by sending en studentebedieninge betrokke te raak. Ons is baie bemoedig oor hoe hulle gereageer het op die Here se oproep tot diens as gestuurdes en boodskappers.

Op ´n meer persoonlike vlak bevestig ons ook dat die Here vir ons meer geleenthede beskikbaar maak om op veskillende plekke, binne en buite ETHNOS, betrokke te kan wees. Na ´n naweek van vas en bid van die ETHNOS lede, kon die program vir 2024 bevestig word en drie EMT´s lê vir ons voor in 2024. Verder het die Here vir Arlene gelei om by The Haven aftree-fasiliteit betrokke te raak waar sy ´n aantal ouer dames gedurentde twee middae per week persoonlik besoek en geestelik begelei – byna almal van hulle vorm nie meer deel van die normale sosiale bedrywighede nie agv ouderdom en siekte.Ek (Gerrie) het ook nou die voorreg om periodiek die woord te bedien by The Haven en Groenkloof aftreeoorde aan ons oues wat nie meer kerkdienste kan bywoon nie. Arlene is ook steeds deel van die ALPHA span wat in die George Gevangenis bedien en ons vertrou dat daar weer vele geleenthede in 2024 sal wees.

**Gebedspunte: Bid asb:**

- Vir almal wat hulle bereid verklaar het om gestuur te word
- Dat ons as mentors ook die Heilige Gees se leiding sal volg in gesprekke met studente
- Vir al ETHNOS se verskillende bedieninge in George en verder.
- Vir ons om deurentyd die boodskap Woordgetrou oor te dra.
- Vir ons gesondheid en finansies om diensbaar te kan bly

***Ons wil vir elkeen van harte bedank vir julle omgee, bemoediging, gebede en getroue ondersteuning gedurende die afgelope jaar. Mag elkeen God se nabyheid en genade ervaar in die vakansie en ´n wonderlike en geseende Kerstyd deurbring met familie en vriende!***

Liefdegroete

***Gerrie en Arlene***
**SA vir WÊRELDSENDING**
**Sel en WhatsApp nrs.** **Gerrie 067 084 7256** **Arlene 076 446 1407**

**Bankbesonderhede:**

| | |
|---|---|
| **Naam van rekening:** | **NG KERK BERGSIG - SAAWE** |
| **Tipe en nommer:** | **ABSA Besigheids spaarrekening nr. 93 5202 1094** |
| **Takkode:** | **632005** |